# Motheo Onderwysdistrik

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## Vraestel 1

## Junie 2017

**PUNTE: 120**

**GRAAD: 10**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)
   AFDELING B: Opsomming (10 punte)
   AFDELING C: Taal (40 punte)
   AFDELING D: Letterkunde (40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: Internetartikel**

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

| Maniere om gesond te wees. | |
|---|---|
| 1 | WIE wil siek wees? Mense wil nie graag siek wees nie. Dit is nie lekker nie. Dit kos ook baie geld, want medisyne is duur. Die gevolge van siekte is dat jy nie werk of skool toe kan gaan nie. Jy kan ook nie geld kry om vir jou familie te sorg nie. |
| 2 | Daar is baie wat jy kan doen om te keer dat jy siek word. |
| 3 | Was jou hande gereeld. Dit is een van die beste maniere om te keer dat jy siek word en dat siektes versprei. Jy moet jou hande soos volg was:<br>• Maak jou hande nat in skoon water en smeer seep aan.<br>• Vryf jou hande goed.<br>• Spoel dit af.<br>• Maak dit droog met 'n skoon handdoek. |
| 4 | Goeie higiëne kan ook keer dat siektes versprei. Longontsteking en diarree lei elke jaar tot die dood van tweemiljoen kinders onder die ouderdom van vyf. Die verspreiding van die siekte, Ebola, kan gekeer word deur die was van hande. |
| 5 | Drink skoon water. Die water waarmee jy jou tande borsel, kos kook en skottelgoed was, moet skoon wees. As dit vir jou lyk of water vuil is, is dit goed om dit te kook. Gewone bleikmiddel soos *Jik* kan ook water skoonmaak. Gooi twee druppels bleikmiddel by een liter water. Meng dit goed en laat die water 30 minute lank staan voordat jy dit gebruik. |
| 6 | Bêre skoon water in skoon houers met deksels. Maak seker dat die koppie waarmee jy water skep altyd skoon is. |
| 7 | Wanneer jy gesonde kos eet, sal jy gesond wees. 'n Mens moet nooit te veel sout, suiker of vet eet nie. Eet altyd vrugte en groente. Jy moet elke dag vleis en hoender eet. Dit is ook gesond om vis te eet. As jy te veel suiker en vet eet, sal jy vet word. Drink eerder water as gaskoeldrank. |
| 8 | Eet jou kos, maar moenie aanhou eet wanneer jy nie meer honger is nie.<br>[Verwerk vanaf Internet] |

1.1 Wie wil nie siek wees nie? (1)

1.2 Gee DRIE redes hoekom mense nie wil siek wees nie. (3)

1.3 Gee TWEE gevolge van siekte. (2)

1.4 Waarom kan jy nie vir jou familie sorg wanneer jy siek is nie? (1)

1.5 Waarom is die volgende stelling WAAR.

Hande was keer dat jy verkoue kry. (1)

1.6 Skryf die VIER stappe neer wat jy moet doen as jy jou hande was. (4)

1.7 Wat keer volgens paragraaf 4 dat siektes versprei? (1)

1.8 Noem TWEE dinge waaraan tweemiljoen kinders onder vyf jaar elke jaar doodgaan? (2)

1.9 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf dit neer.

Die verspreiding van die siekte (Longontsteking/Ebola) word gekeer as jy jou hande was. (1)

1.10 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf dit neer.

Mense moet kos in (skoon/vuil) water kook. (1)

1.11 Wat moet jy doen as water vir jou vuil lyk? (1)

1.12 Voltooi die volgende paragraaf:

As jy water met *Jik* skoonmaak moet jy (1.12.1) ____________ bleikmiddel by (1.12.2) ____________ gooi en dit vir (1.12.3) _____________ laat staan voordat jy dit gebruik. (3)

1.13 Watter TWEE dinge moet jy doen as jy water wil skoonhou? (2)

1.14 Vul die woorde wat uitgelaat is, in: Jy moenie te veel sout, (1.14.1) _______ en (1.14.2) ________ eet nie. (2)

EN

**Teks B: Visuele teks**




1.15 Watter restaurant word geadverteer? (1)

1.16 Wat kos die lekker ontbyt? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (1.17) en die KORREKTE letter (A – D) neer.

Die lekker ontbyt bestaan uit twee stukkies beacon, weense worsie, 1 sny brood, …

A een eier en een tamatie
B twee eiers en een tamatie
C twee eiers en tamaties
D een eier en een tamatie (1)

1.18 Watter nommer moet jy bel as die lekker ontbyt wil bestel? (1)

1.19 Wat is die logo van enige Wimpy restarant? (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B**

**TEKS C: VRAAG 2**

**Instruksies**

- Lees die teks aandagtig deur.
- Som die SEWE wenke op vir mooi en skoon tande.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Laat ’n reël oop na elke sin.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui aan die einde van die opsomming aan hoeveel woorde jy gebruik het.

**TEKS C**

**Wat moet ek doen om mooi en skoon tande te hê?**

Doen die volgende om mooi en skoon tande te hê:

Jy moet jou tande twee maal per dag borsel. Borsel dit in die oggend voordat jy skool toe gaan en in die aand voordat jy gaan slaap.

Borsel jou tande vir twee minute lank om seker te maak dat jy alle kos tussen jou tande verwyder. Stukkies kos wat in tande vassit vreet gaatjies in jou tande.

Moenie te hard druk as jy jou tande borsel nie. Dit maak jou tandvleise seer.

Jy moet ook elke dag jou tong borsel om bakterieë weg te neem. Bakterieë veroorsaak slegte tande en asem wat nie lekker ruik nie.

Gebruik tandepasta wat fluoried bevat. Dit is goed vir jou tande.

Moenie te veel lekkers eet en gaskoeldrank drink nie, want dit is sleg vir jou tande.

Gaan elke ses maande tandarts toe om jou tande te ondersoek.

’n Mens met mooi tande het ook ’n mooi glimlag.

[Verwerk vanaf Internet]

**[10]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.




[Advertensie geskep deur eksaminator]

3.1 Vir wie is hierdie advertensie bedoel? (1)

3.2 Skryf die syfer **2** as 'n woord. (1)

3.3 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

**GRATIS PIZZA i**s so groot geskryf, omdat

A ons dit dadelik moet sien.
B dit mooi is.
C ons reg moet kyk.
D ons dit moet kan skryf. (1)

3.4 Die woord **gratis** bestaan uit die lettergrepe gra-tis.

Verdeel die woord **bobaas** in lettergrepe en skryf dit neer. (1)

3.5 Gee die VERKLEINING van die woord **familie**. (1)

3.6 Gee die VERGROTENDE TRAP van **warm**. (1)

3.7 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.
Bobaas Pizza lewer vriendelike diens. (1)

3.8 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.
Ons Pizzas is warm en geurig. (1)

3.9 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Daar is 'n prentjie van 'n pizza in die advertensie sodat die mense …

A die advertensie moet verstaan.
B kan weet dat 2 pizzas gratis is.
C weet wanneer die pizzas bestel kan word.
D dit interessant is. (1)

3.10 Hoekom is **VIVA! BOBAAS PIZZA! VIVA** in groot, swart letters geskryf? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**




[Internet strokiesprent]

4.1 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Die dokter groet die vrou.
**Begin so:** Die dokter het (1)

4.2 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

My voete is seer.
**Begin so:** My voete sal **…** (1)

4.3 Skryf die sin in 'n VRAAGSIN. Begin met die onderstreepte woord.

My voete <u>is</u> seer.. (1)

4.4 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Die dokter sê: Jy het die verkeerde skoen aan.
**Begin so:** Die dokter sê dat … (1)

4.5 Gee die ANTONIEM van mooi. (1)

4.6 Kies die korrekte ANTWOORD tussen hakies en skryf dit neer.

Ons weet die vrou se voete is seer, want (sy sit op 'n stoel/sit met haar bene wyd van mekaar). (1)

4.7 Skryf die woord wat in die sin met 'n HOOFLETTER gespel moet word, neer. Onthou om die hoofletter ook neer te skryf.

Die dokter se van is sello. (1)

4.8 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.
Die woord *wonder* in die sin "Dis geen wonder nie", beteken dat dit ...

A nie reg is nie.
B nie snaaks is.
C goed is.
D 'n wonderwerk is. (1)

4.9 Vul die korrekte woord in.
Die vrou dra 'n ________ om beter te kan sien. (1)

4.10 Skryf 'n KOMMA op die regte plek in die sin. Onderstreep die komma wat jy ingevul het. Skryf die sin oor.

Die vrou gaan dokter toe want haar voete is seer. (1)
**[10]**

**VRAAG 5.1**

Gebruik die teks om die vrae te beantwoord.

**TEKS F**

**Leer jou vel ken**

Dis belangrik om (5.1.1) (baje) mooi na jou vel te kyk.

Hou jou vel baie mooi skoon. Maak jou gesig met louwarm water nat en gebruik jou vingerpunte om (5.1.2) (die/'n) seep in te vryf. Masseer jou vel goed. Spoel jou vel met louwarm water af en druk dit (5.1.3) (droog) met 'n (5.1.4) (sag) handdoek.

Water is belangrik vir jou vel. Dit hou jou vel gesond. 'n Vel wat nie genoeg water kry nie, is geneig om droog, styf en dof te raak. Drink baie water, want dit help jou om jou vel mooi te maak. Begin deur 'n bottel water by jou te hou en kort-kort 'n paar slukkies te drink.

Moenie onnodig aan jou vel vat nie. As jy met vuil hande aan jou gesig raak, dra dit (5.1.14)(kiem) aan jou gesig oor en dit kan tot (5.1.13) (pysies/puisies) lei.

[Verwerk van 'n *Internetartikel*]

5.1.1 Gee die regte vorm van die woord "baje". (1)

5.1.2 Kies die regte LIDWOORD en skryf dit neer. (1)

5.1.3 Gee die INTENSIEWE VORM van "droog". (1)

5.1.4 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies: met 'n (sag) handdoek. (1)

5.1.5 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Water hou jou vel gesond.
**Begin so:** Water het ... (1)

5.1.6 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Baie water help 'n vel om te blink.
**Begin so:** Baie water sal ... (1)

5.1.7 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Juffrou sê: Jy moet baie water drink.
**Begin so:** Juffrou sê ... (1)

5.1.8 Gee die VERKLEINING van "hand". (1)

5.1.9 Gee die MEERVOUD van "bottel". (1)

5.1.10 Gee die OORTREFFENDE TRAP van "vuil". (1)

5.1.11 Rangskik die woorde tussen hakies in die regte volgorde. Skryf die sin oor.

Die tiener was haar vel (vinnig, in die wasbak, vandag). (1)


5.1.12 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Water is die goedkoopste drank wat daar is. (1)

5.1.13 Kies die regte spelling van die woord pysies/puisies. (1)

5.1.14 Gee die MEERVOUD van "kiem". (1)
**[14]**

**TEKS G: Prent**



[*Eksamenhersieningsboek Tweede Addisionele Taal*]

5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die seuns ry op (fietse/vietse) (1)

5.2.2 Vul ’n **komma** en ’n **punt** in die volgende sin in en onderstreep dit

Die vrou staan voor die Spaza want sy wil brood koop (2)

5.2.3 Kies die regte SPELLING tussen hakies:

Die plante groei in (pote/potte). . (1)

5.2.4 Kies die regte woord tussen hakies.

Die hond (blaf/blav) vir die seuns. (1)

5.2.5 Kies die regte woord tussen hakies.

Die (son/soon) skyn lekker. (1)

**[6]**

**[TOTAAL AFDELING C: 40]**

**AFDELING D: LETTERKUNDE:**

**ANTWOORD DIE VRAE OOR DIE VOLGENDE KORTVERHAAL**

**VRAAG 6 : LEHLOHONOLO deur Fanie Viljoen**

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae.

| |
|---|
| Dit is nog vroeg toe Lehlohonolo by die taxistaanplek in die stad aankom. Sy oupa, Kagiso, het hom gevra om die dag uit te help by sy kosstalletjie. Oupa Kagiso moet dokter toe gaan en het vir Hloni twintig rand beloof as hy die stalletjie beman. Hloni help sy oupa. En twintig rand is mos baie geld. |

1. Deur wie is Lehlohonolo geskryf? (1)
2. Wie is Lehlohonolo se oupa? (1)
3. Wat verkoop sy oupa? (1)
4. Waar verkoop sy oupa die goedere? (1)
5. Kies die korrekte woord.

   Die dag toe Lehlohonolo gewerk het, was dit (koud; reënerig) (1)
6. Noem TWEE kosse wat Hloni eerste begin maak het. (2)
7. Noem TWEE redes waarom Hloni nie wou gehad het dit moes reën nie. (2)
8. Wat is ‘n kwaaddoener? (2)

9. Waarom het Hloni die geldblikkie weggeskuif? (1)

| |
|---|
| “Bonang, help my!” roep Hloni, maar die koswaentjie se deur swaai oop en Bonang spring uit. “ Dit was hy!” roep Tokoloho. |

10. Waarom het Hloni die waentjie se deur toegemaak? (1)

11. Waar het Tokoloho ‘n meswond gehad? (1)

12. Hoe het Hloni sy geldblikkie terug gekry? (1)

13. Wat het Hloni ontdek toe hy vir Tokoloho gehelp het? (1)

14. Watter TWEE lesse leer jy uit die kortverhaal? (4)

**(20)**

**TOTAAL AFDELING D: [20 ×2=40]**

**GROOTTOTAAL: 120**